**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)**
VOOR HAAR EDELE ~~WAARNEMENDE~~ REGTER GOLIATH
OP 10 JANUARIE 2006

Saaknommer: 13006/05

In die saak tussen:

**EXCELSIOR BOERDERY (EDMS) BPK**
**h/a DU PREEZ ESTATE** Applikant

en

**COPPOOLSE & FINLAYSON INTERNATIONAL (EDMS) BPK** Respondent
(Registrasienommer: 2005/018264/07)
Geregistreerde adres te: Glen Roy 4, Pinelands, Wes-Kaap

---

**BEVEL**

---

Na aanhoor van die advokaat namens Applikant en na deurlees van die stukke gelas die Hof soos volg:

1. Die Respondent word onder voorlopige likwidasie in die hande van die Meester van die Hooggeregshof geplaas.

2. Dat 'n bevel nisi uitgereik word in terme waarvan die Respondent en enige belanghebbende party opgeroep word om redes, indien enige, aan te voer op Dinsdag 21 Februarie 2005 waarom;

2.1 'n Finale likwidasiebevel nie uitgereik moet word nie,

2.2 Die koste van hierdie aansoek nie koste in die likwidasie moet wees nie.

3. Dat betekening van hierdie bevel soos volg geskied:

3.1 Op die geregistreerde kantoor van Respondent, synde Glen Roy 4, Pinelands, Wes-Kaap.

3.2 Deur publikasie in een uitgawe van "Die Burger" en "Cape Times".

3.3 Op die Ontvanger van Inkomste, Kaapstad.

3.4 Per geregistreerde pos aan alle skuldeisers met eise bo R5000-00.

3.5 Op die werknemers van Respondent deur 'n afskrif vas te heg aan enige kennisgewingbord binne die perseel waar Respondent handel dryf of deur die vashegting daarvan aan die voordeur van sodanige perseel.

**OP LAS VAN DIE HOF**

**GRIFFIER VAN DIE HOF**

Duvenage & De Villiers
WELLINGTON
p/a 289 Vaughan Ulyate & Genote
KAAPSTAD

/mdz

REGISTRAR: HIGH COURT
THIRD DIVISION
2006 -01- 12
CAPE TOWN/KAAPSTAD
GRIFFIER: HOOGGEREGSHOF